GEORGE LANDBOU SKOU 2023

Presidents Verslag

OCTOBER 24, 2023

Opgestel deur: Corne Botha

INHOUDS OPGAWE:

1. Algemene Oorsig Bladsy 2
2. Portefeuljes Bladsy 4
3. Terrein Uitleg Bladsy 5
4. TicketPro Bladsy 6
5. Swak en Goeie punte vir 2022 Bladsy 6
6. Waarna is ons oppad in 2023 Bladsy 6
7. Management reports

1. **Algemene Oorsig:**

Dit was met groot opgewondenheid dat ons die 2023 skou aangepak het! Die hoogtepunte vir die 2023 skou was ook die uitdagings vir die 2023 skou, naamlik die Wêreldbeker Tentpegging kampioenskappe, asook die 3 Nasionale Melkbees kampioenskappe wat gelyktydig aangebied was.

Die Wêreldbeker tentpegging kampioenskappe het ons genoodsaak om ‘n spesiale baan vir hulle te bou wat tot gevolg gehad het dat ons terrein verskuiwings met betrekking tot ons stalletjietent asook ons Merry Go Round moes aanbring. Dit het verder vir ons logistieke probleme veroorsaak ten opsigte van stalle vir ons Saalperd kompetisie tydens die jaarlikse skou. Ten spyte van hierdie uitdagings was ons geloof vir die feit dat ons ‘n Wêreldbeker kampioenskap kon aanbied en het dit opsigself baie vir die George Landbouskou beteken.

Ons was Vrydag, 26 Augustus, sleg gevang deur bitter ongure weer wat gely het tot heelwat skade onder buite uitstallers se stalletjies, asook ‘n groot vermindering aan hekbesoekers, asook toeskouers wat die aand se Vermaaktent bygewoon het.

Stalletjie aansoeke was besonder goed gewees vir die huidige ekonomiese omstandighede, soveel so dat al ons stalletjies uitverkoop was. Die skou het om en by 10 000 mense deur die hekke gehad met Saterdag ‘n lewensredder na ‘n swak Vrydag.

As gevolg van die Wêreldbeker kampioenskappe en die 3 Nasionale Melkbees kampioenskappe was ons gedwing om heelwat meer terrein instandhouding en opknapping te doen as normaal weg. Hierdie herstelwerk en opknapping het ons kontantvloei redelik onder druk geplaas en die finansiële druk was ook vererger deur die swak Vrydag wat ons ook gehad het.

Wat ons geboue en terrein aan betref het ons n groot poging gedurende 2023 aangewend om die agterstallige instandhouding werk op datum te bring:

- Agrisaal: Geute skoon en reg gemaak
- Kantoor blok: Geute skoon gemaak en bashboards vervang. Ligte vervang, Buitetoilette sowel as kantoortoilette mure geverf en vloere geverf. She bins aangebring, asook seephouers en handdoekrolhouers.
- Meridianhuis: Geute skoon gemaak.
- Nitrophoska saal: Geute skoongemaak, altwee ingange met hulle deure geverf. Bashborde herstel en geverf, asook verskeie ruite is vervang.
- Hekke en omheining: Hekke gesweis, geverf en swak plekke in omheining reg gemaak.
- Beesstalle: Geverf, Genommer en alle swak en stukkende pale vervang. Spesiale geute is aangebring by die melkstalle met ‘n opvang tenk. Die wasplek van die beeste is nagegan en stukkende pale is vervang, asook krane is reggemaak.
- Perdering: Geverf, stukkende pale vervang en perdehuis geverf, sowel as al die paviljoene is herstel en het nuwe sitplekke opgekry.

- Perdestalle: Al die perdestalle se deure is reggemaak, oorgeverf en het nuwe nommers opgekry.
- Saal waarin gym is: Stukkende ruite vervang, stukkende deur is vervang, asook stukkende bashborde is vervang en nuut oor geverf.
- Pluimvee saal: nuwe hokke gebou, ekstra kos en water bakke is aangekoop en die ligte is opgradeer met nuwe ligte wat geinstalleer is.
- Paddletennisbane: Nuwe paddletennisbane is opgerig waarvan die koste deur die huurders gedra is. Nuwe omheining is opgerig rondom die bane met ‘n nuwe ingang na die Nitrophoska saal en twee nuwe voetganger hekke is ook aangebring. Laasgenoemde was vir die rekening van die Skou. Ons was gedwing om die oorhoofse elektriese drade te verskuif na ondergrond tot en met die paal op die buite parkeerarea. Vanaf die paal op die buite parkeerarea tot by die paal langs die R102 moes ons ‘n spesiale vangnet onder die oorhoofse drade aanbring. Hierdie veranderinge is op ons afgedwing deur nuwe Bywette van die George Munisipaliteit met ‘n koste vir ons van +- R260 000.
- Ingangshuisies voor by skouterrein: Hierdie huisies is almal oor geverf en stukkende konstruksie foute is reggemaak. Nuwe aanwysingsborde is ook aangebring. Ekstra sekuriteitskamera wat spesifiek op die hek fokus is ook aangebring. As gevolg van kragonderbrekings moes ons ook die “motherboard” van die hek vervang.

Om ons daaglikse kontant vloei gesond te hou het ons:

- Heeltyd gesoek na nuwe besigheidsgeleenthede vir die skou
- Gesoek na nuwe huurders bv Paddle Tennis met ‘n 10 jaar kontrak
- Skou terrein verhuur vir die Merry Go Round en Sirkus
- Bestuur van die huurders sodat hulle nie agterstallig raak nie
- ‘n Verdere twee jaar kontrak met Tutor Exams International vir Junie en November om Agrisaal te verhuur as eksamen lokaal
- Bemarking van Agri Saal as venue
- Motorklub saal verhuur aan K9 vir opleiding.
- Motorklub saal verhuur aan Boerevereniging vir kursusse.

Alhoewel ons daarin geslaag het om ‘n omset vir die skou as ‘n event van net oor die Miljoen Rand te hê was ons netto wins maar baie klein vanjaar as gevolg van ons enorme uitgawes ten opsigte van instandhouding van ons terrein en geboue.

2. **Portefeuljes**:

Dit het oor die algemeen goed gegaan met ons portefuljes vir 2023:

Vise President – Herman Pienaar is aangestel as Vise-president en het die vuurdoop van sy eerste skou heel goed hanteer.

Tesourier- Hier gaan dit baie goed. Natasha het verskeie KPI'S (key performance indicators) in plek gestel wat ons bestuur baie verbeter. Die gereelde management reports van haar af help my ook baie met betuurs besluite.

Elektrisiteit: Jan Hendrik en sy span het hul besonder goed van hul taak gekwyt vir die 20223skou en is van onskatbare waarde vir die skou ook in terme van ons dag tot dag instandhouding van ons geboue en terrein. Ons het vanjaar ook investeer in ekstra kabels om die dooie kol op die terrein van krag te voorsien. As gevolg van beurtkrag en die belangrikheid van die 3 Nasionale kampioenskappe, asook die Wêreldbeker kampioenskappe moes ons 'n 250kVa kragopwekker in huur vir die skouperiode. Alhoewel ons die kragopwekker as borgskap kon kry moes ons by 'n R30 000 vervoerkoste daarvoor betaal, asook 'n stywe dieselrekening. Ten spyte van hierdie kragopwekker en die ure wat dit gewerk het tydens die skou het ons steeds 'n R45 000 Munisipale rekening gehad.

Bemarking: Herman en Carina Pienaar het 'n enorme poging ingesit vir: die bou van ons handelsmerk, om ons relevant te hou op sosiale media, om ons webwerf te bestuur en om die 2023 skou as sulks te bemark.

Jeugskou: Japie het 'n besonderse poging aangewend om in 2023 'n jeugskou van formaat aan te bied. Hy is gekomplimenteer deur Agri Expo se CEO, asook WesKaap Jeugskou vir die besonderse jeugskou wat hy aangebied het.

Kompetisies: Aurora is 'n ou hand hiermee en het vanjaar weer met groot sukses die kompetisies laat gebeur. Dit is met spyt dat ons verneem van haar bedanking as skouraadslid en wil graag van die geleentheid gebruik maak om vir Mariet Chapman sterkte toe te wens vir volgende jaar.

Vermaak: Stephanie se keuse van kunstenaars vir 2023 was weereens in die kol gewees. Sy het 'n besonderse skou dans gereël wat gekenmerk was as 'n stylvolle geleentheid wat mense baie geniet het. Haar dames oggend was ongelooflik gewild met 'n goeie keuse van gasspreker. Die optrede van 5 groot kunstenaars in die vermaak tent het seep glad verloop en was baie goed ondersteun, behalwe vir Vrydagaand met die ongelooflike reën en wind wat gewaai het. Ook die Oppi Stoep kunstenaars was baie goed ontvang en ondersteun. Die nuwe sangkompetisie in samewerking met die Social Artist was 'n groot sukses en sal definitief 'n aanwins wees om volhoubaar aangebied te word tydens die skou.

Sport: DCAS het weer baie gehelp as hoofborg vir die sportfees. Anita en haar span het goed gedoen met 'n verskeidenheid van sport regoor die 3 dae van die skou.

Melkbeeste: Mirtelize het ‘n enorme groot rol gespeel in die skakeling met Jersey SA, Holstein en Ayrshire genootskappe en die reël van die SA Kampioenskappe. Sprake is reeds op die tafel dat ons weer in 2025 die Jersey kampioenskappe gaan aanbied. Dit is met spyt dat ons Mirtelize se bedanking ontvang het, maar wens haar sterkte toe met die nuwe skuiwe in haar loopbaan

Vleisbeeste: As gevolg van die 3 Nasionale melkbees kampioenskappe van 2023 was ons stalle oorvol en kon ons geen vleisbeeste akkomodeer vir 2023. Tienie Dirks is gevra om vanaf 2024 die vleisbeeste oor te neem en ons sien baie uit om die vleisbeeste saam hom te reël. Ons sal vir 2024 ‘n spesiale poging moet aanwend met die vleisbeeste aangesien Riversdalskou die vleisbeesboere een vir een nader om eerder by hulle as ons te skou.

Skape: Pieter het soos gewoonlik stil-stil sy kant gebring en weereens ‘n suksesvolle skaap vertoning met ‘n skaap skeer demonstrasie gereël. Ons sien baie daarna uit om saam met Pieter ‘n bod in te sit vir die aanbied van die Merino Classic in 2025.

Bokke: Ons het in 2023 vir die eerste keer in jare boerbokke op die skou gehad. Ons het goeie verhoudinge met Gerrie Ferreira op gebou en wil probeer om in 2024 ‘n groter boerbok afdeling op die skou te hê waarmee hy ons ook sal help.

Pluimvee: Ferdi is net so aansteeklik met sy liefde en entoesiasme vir pluimvee, maar veral hoenders! Hy het die dinge behoorlik vasgevat met hokke se bou en regmaak van die hoendersaal. As gevolg van siektes onder die konyne kon hy ongelukkig nie konyne hierdie jaar tydens die skou aanbied nie. ‘n Interresante nuutjie wat hy ingebring het is die verkoop van hoenders tydens die skou wat nuwe pluimvee entoesiaste baie geniet het.

Perde: Jurika was vanjaar in die diepkant ingegooi en het ten spyte van baie logistieke uitdagings as gevolg van die wêreldbeker tentpegging kampioenskappe ‘n uitstekende perde program aangebied. Ons kan nie wag om te sien wat sy vir 2024 beplan nie.

Ek wil alle raadslede bedank vir hierdie groot poging vir 2023.

3. Terrein uitleg

Ons het vanjaar agv die nuwe tentpegging baan , die vermaak tent weer langs die Agri Saal gehad met die Kaas en Wyn binne in die Agri Saal. Dit het besonder goed gewerk en gesorg dat alle vermaak ook die kroeg bymekaar gesentreer was.

Die Merry-go-round het verskuif na agter die Stockcarbaan as gevolg van die tentpegging en het ons daarmee besoekers deur die stalletjies en verby die tentpegging arena getrek.

4.TicketPro

TicketPro was vanjaar vir die eerste keer gebruik en het vir ons ‘n besonderse diens gelewer. Hulle het gesorg vir aanlyn verkope, hekverkope in en uit “scan” van besoekers, asook gehelp met toegangsbeheer van besoekers, stalletjiehouers, borge, VIP’s en uitstallers.

5. Swak en goeie punte vir 2023:

Swak punte:

- Die weersomstandighede van die Vrydagmiddag, wat verskeie buite algemene uitstallers se uitstallings verwoes het.
- Ekstra onkostes as gevolg van beurtkrag.
- Dit raak al hoe moeiliker om borge te kry.

Goeie punte:

- Goeie blootstelling as gevolg van die Wêreldbeker tentpegging kampioenskappe.
- Goeie blootstelling as gevolg van die 3 Nasionale Melkbees kampioenskappe.
- Baie goeie besoekers getalle ten spyte van die slegte weer.
- Baie goeie hoeveelheid stalletjiehouers.
- Baie goeie vordering met terrein instandhouding.
- Baie goeie blootstelling as gevolg van die goeie dekking deur Agri TV.

6.Waarheen is ons op pad in 2024?

Nadat ons so effens bloedneus gekry het met ‘n kleiner wins vir die 2023 skou is ons meer as gereed vir die 2024 skou en is ons alreeds hard aan die werk met uitstallers, beplande aktiwiteite ens.

Hoogtepunte in die beplanning vir 2024:

- Provinsiale Tentpegging kampioenskappe
- Provinsiale Boerbok kampioenskappe
- Provinsiale Pluimvee kampioenskappe
- ‘n Besonderse Saalperde byeenkoms
- Kulinêre kuns saam met die jeugskou

Een van die grootste uitdagings vir my as President van die George Landbouskou is die feit dat ek die heeltyd met verskillende mense werk (of dit nou huurders, borge, personeel of Raadslede is). Dit beteken dat elkeen van hulle verskillend oor dinge dink, verskillend oor dinge voel en baie kere ook met hulle eie emosionele oorwegings na sekere situasies kyk. Derhalwe is dit my plig om altyd te poog om almal in ag te neem en na hulle te luister, maar op die einde van die dag besluite te neem en die Skou so te bestuur dat dit altyd tot voordeel van die George Landbouskou/Outeniqua Skougenootskap sal wees.

‘n Verdere groot struikelblok vir my om die skou effektief te kan bestuur is soms onbetrokkenheid van sekere raadslede, asook die feit dat portefeuljes wat vakant raak bitter moeilik gevul word omdat mense nie meer tyd het om vrywillige werk vir organisasies soos die skou te doen nie.

Baie dankie aan elkeen van my Raadslede vir jul onbaatsugtige opofferings in 2022/2023. Sonder julle sou ons verseker nie hierdie wa deur die drif kon kry nie. ‘n Meer spesiale woord van dank aan elke Raadslid se eggenoot/eggenote vir jul bystand, hulp en ondersteuning.

Speasiale dank gaan ook aan my Sekretaresse wat dinge in die kantoor vasvat en altyd bereid is om die ekstra myl vir my en die skou te loop – dit gaan nie ongesiens verby nie en word opreg waardeer.

CORNé BOTHA

PRESIDENT: GEORGE LANDBOUSKOU